



Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za



J.A. Louw

Area: Kanoneiland

Tel: 083 603 2120 / E-pos: ja.louw@laeveld.co.za

Gewasse: Droogdruive, wingerd, mielies, koring, lusern, aartappels, neute, hawer

Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste en saad

J.A. Louw het op 'n veeplaas naby Brandvlei in die Noord-Kaap grootgeword. Sy familie boer daar met Swartkopdorpers op hul familieplaas. Hulle is ook in die soutbedryf, waar hulle sout myn en verkoop. Dié Noord-Kapenaar was by Hoërskool Duineveld in Upington op skool en sy meisie kom ook van hierdie omgewing. Hy boer self in die Kanoneiland-gebied op 'n stuk wingerdgrond met rosyne.

Aanvanklik het hy landboubestuur in Wellington gestudeer, maar het later sy studierigting na bemarkingsbestuur verander. Na sy studies het hy navorsingswerk en daaglikse proewe van winter tot somer regoor die Boland-gebied gedoen onder oom Bertie van Niekerk, wat vir jare by Bayer se R&D-afdeling gewerk het, gewerk.

Hy is CropLife gekwalifiseer en het ses kursusse by Villa Akademie in Somerset-Wes gedoen. Deur sy eie besigheid wat chemiese middels, kunsmis en saad verkoop, het hy reeds baie geleer en goeie kontakte opgebou wat hy toeskryf aan sy sukses.

Kliëntediens is vir hom nommer een. Dit is vir hom belangrik om die volledige pakket aan boere te lewer en hy wil aan hulle alles wat nodig is bied. Hy het selfs sy eie vragmotor en lewer die boer se chemiesemiddels, saad en kunsmis by die stoor op, en af by die plaas.

Droogdruive is sy hooffokus en hy gaan in die Upington-gebied teen die Oranjerivier werk. Hy gaan hoofsaaklik op wingerde konsentreer, maar sal ook op gewasse soos mielies, koring, lusern, aartappels, neute en hawer fokus. Verder doen hy grond- en blaarmonsters en hierdie ontledings kom handig te pas met kunsmis en plantvoeding, om só vir boere hul eie unieke programme uit te werk.

Hy hou van mooi motors en het self verskeie ou voertuie, waarvan een 'n pienk 1958 Chevrolet Apache is. Hy hou ook van mooi Arabierperde en neem graag aan perderitte deel. Nog 'n liefde is om met sy hande te werk, hy geniet ook yster- en staalwerk en het al self konstruksies op hul plaas opgerig.

Landbou loop in sy are. *“Dis vir my lekker om te sien watter verskil ek in iemand se boerdery kan maak. Ek hou daarvan as 'n boer gelukkig en tevrede is,”* sê hy. J.A. vertel hy is altyd aan die boer se kant omdat hy en sy pa self boere is. Hy verstaan wat die omstandighede in swakker jare is en probeer altyd om boere sover moontlik by te staan.

J.A. wil met boere sake doen op grond van vriendskap en 'n vennootskap bou, nie net om verkope doen nie. Meeste van sy boere kom al hele paar jaar saam, en hy is trots om saam met hulle vooruit te boer.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.

Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding die beste advies te gee.